

Jesus se laaste maaltyd

Teks: Lukas 22: 14 - 23

Teksvers: Lukas 22: 15 & 16

1. Inleiding

Om vir 'n ter dood veroordeelde 'n keuse oor sy laaste maaltyd te gee, is 'n antieke gebruik wat vandag nog voorkom. Alhoewel die betekenis deesdae meestal eerder humanitêr as Godsdienstig is, is daar tog steeds betekenis in. Die eerste saak waaraan betekenis gegee word is die menslike natuur. Of dan in vandag se taal menswaardigheid. Om eet is om mens te wees, en die menslike lewe in terme van voeding te onderhou. Dan is daar nog ook iets van 'n afsheidsritueel. Iets van die beste wat hierdie wêreld kan bied. En einde laaste ook die opsie aan die persoon om eintlik 'n simboliese laaste keuse vir lewe te maak. Tog bly dit die einde van die aardse pad vir hierdie persoon.

Soos woorde op 'n sterfbed het hierdie laaste maaltyd en die gebruik daarvan betekenis. Vandag in ons teksgedeelte sit ons Here Jesus Christus aan vir Sy laaste maaltyd hier op aarde. Die dissipels is rondom Hom. Maar hulle besef nog nie dat Hy ter dood veroordeel is nie. En dat hierdie eintlik Sy laaste maaltyd sal wees. En daarom is dit presies wat Jesus openbaar aan hulle in ons teksgedeelte vanoggend.

Ons het vanoggend in hierdie erediens dan ook die voorreg om die sakrament van die Heilige Nagmaal te gebruik. En dit is presies wat Jesus in stel met die gebruik van hierdie laaste maaltyd op aarde. Dit is dus duidelik meer as maar net nog 'n maaltyd saam die apostels waarvan ons lees vanoggend. Ons gaan die betekenis en implikasies van Jesus woorde en aksies ondersoek, sodat ons ook wanneer ons aansit aan die nagmaalstafel die rykdom van die nagmaal kan beleef.

2. Jesus se keuse

Wat is ons Here Jesus Christus se keuse vir Sy laaste maaltyd. Jesus weet dat hierdie Sy laaste maaltyd is volgens ons teksvers. Want aan die einde van vers 15 verwys Hy ook na Sy leiding wat gaan begin. Dat hierdie 'n spesiale maaltyd wat is al vir ons duidelik in die voorbereidings wat getref moet word in die gedeelte wat ons teksgedeelte vooraf gaan. Hierdie is nie 'n publieke maaltyd of funksie in die publiek nie. Nee, ons sien die intieme binnekring van Jesus en die 12 Apostels in 'n bovertrek waar hulle nie gesteur kan word nie.

Maar dit is nie net die plek nie, ook die tyd van die maaltyd. Hierdie is 'n baie spesiale maaltyd in die kultuur en geskiedenis van die Israeliet. Maar eintlik ook soveel meer as kultuur en geskiedenis. Dit is Godsdienstig 'n belangrike maaltyd. Dit is die Pasga en daar is 'n spesifieke rede waarom Jesus hierdie maaltyd kies as Sy laaste maaltyd.

Dan is daar natuurlik die kos self. Dit wat ons al deur die jare so goed leer ken het. Daar was spesifiek brood en wyn teenwoordig. Ons weet dit, want ons gebruik vandag nog brood en wyn as die tekens en seëls in herinnering soos wat Christus dit ook gebruik het. Wanneer dit by die viering van hierdie maaltyd saam met die dissipels kom, verander Jesus nie al die oortuigings nie. In vers 11 wat ons teksgedeelte vooraf gaan, sien ons Jesus se opdrag om die Pasga te gaan voorberei. Maar in die opdrag word daar net 'n spesifieke plek aangedui, die res van die Pasga reëlins sou die dissipels goed ken. Hierdie reëlins sou die brood en wyn as voedsel insluit.

Jesus se laaste maaltyd sou volgens Sy keuse saam met Sy binnekring volgeling wees, selfs ook saam met hom wat Jesus sou veraai volgens vers 21.

3. Die laaste Pasga

Maar wanneer ons na die spyskaart vir hierdie laaste maaltyd saam met die dissipels kyk, sien ons een groot leemte. Sentraal tot die pasga het die paaslam gestaan. Volgens Eksodus 12 moes elke gesin 'n lam slag, rooster oor die vuur en heel eet sonder om die bene te breek. Dit moes saam met ongesuurde brood en bitter kruie geëet word. Maar nou sien ons net die brood teenwoordig by hierdie maaltyd.

Dit is dan ook nie net die afwesigheid van die paaslam nie. Dit is ook Jesus se woorde in vers 16, dat Hy nie weer sal eet nie. Dit het ook al die gevoel gegee dat Jesus nie hierdie maaltyd heeltemal klaar genuttig het nie. Tog is dit eintlik die hele vervulling van die Ou Testamentiese professie van Pasga wat ons hier sien. Ons Here Jesus Christus het natuurlik self die paaslam geword. Hy gee Sy eie lewe as die volmaakte paaslam offer. Dit is Sy bene wat nie gebreek sou word nie.

Maar dit is ook uiteindelik Hy wat gesê het, dit is volbring in Johannes 19:30. Die Ou Testamentiese profesie van die pasga is volbring omdat die volmaakte lam geslag is. Daarom lyk die nuwe testamentiese viering van die paasmaal anders. Ons kyk vandag met nagmaal terug na dit wat in die Ou testament nog in die toekoms gelê het. Daar was regdeur die Ou Testament 'n behoefte om saam met die Verlosser aan te sit. Die Verlosser kom en word dan self die offer en die voedsel. Voedsel wat ons ook in die geestelike tyd tot die wederkoms moet voed. Dit is juis ook waarom ons vanoggend die lewe buite onself hier aan die nagmaalstafel kom soek.

Jesus en Sy dissipels vier die laaste Ou Testamentiese Pasga in ons teksgedeelte. Tydens hierdie laaste Pasga stel Jesus die nagmaal in wat ons vanoggend weer gebruik ter nagedagtenis.

4. Ons plek aan die tafel

Tog is dit belangrik om te hoor dat Jesus nie sê dat Hy nooit weer sal eet nie. In vers 15 sê Jesus net dat Hy nie weer sal eet voor dat die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie. Hierdie laaste maaltyd saam Sy dissipels is dus nie die laaste maaltyd wat Jesus ooit sal eet nie. Maar daar gaan wel 'n tussen tydperk wees. En dit is juis daardie tussentydperk waarin ons nou leef. Die reeds en nog nie.

Kom ons verduidelik dit soos volg. Christus het reeds gesterf en opgestaan uit die dood. Die bese is alreeds oorwin. Maar ons wag nog op wederkoms van die Here. Dan sal hierdie jammerdal van 'n gebroke wêreld rondom ons finaal verby wees. En dan sal Christus weer eet, by die bruilof van die Lam. Dit is Hy wat die Lam is en ons as die kerk wat die bruid is. Wat dit eintlik beteken is dat ons sal aansit aan die volgende tafel waar Christus weer 'n maaltyd gaan nuttig. Dit is juis met hierdie toekoms verwagting wat ons vanoggend kom aansit hier aan die nagmaalstafel.

Maar vir die tydperk tussen nou en die wederkoms word ons ook nie honger en dors gelaat nie. En dit is in besonder ook waar die troos van die nagmaal lê. Ons word elke dag gevoed met die brood van die lewe, ons Here Jesus Christus. Ons word veilig bewaar en gevoed tot en met die voleinding van die wêreld. Dit is die gevolg van Christus se opoffering van Sy liggaam en bloed. Christus maak dit vas wanneer Hy Nagmaal instel in ons teksgedeelte. Ons maak dit ons eie wanneer ons nou die tekens en seëls op hierdie manier gebruik.

5. Slot

Ons kan die preek afsluit met 'n laaste gedagte oor 'n laaste maaltyd. Ons het vanoggend gefokus op die laaste maaltyd van die belangrikste persoon in die geskiedenis, ons Here Jesus Christus. Christus is die enigste hoof van die kerk wat Hy met sy bloed

losgekoop het. Maar hierdie offer gebeur wanneer Hy as ter dood veroordeelde misdadiger hier op aarde sterf. Dit gebeur ondanks die feit dat Jesus volmaak sonde vry is. Want dit gebeur sodat Hy ons sondes op Hom kan neem.

Jesus word nie deur 'n laksman of 'n tronk die opsie op 'n laaste maaltyd gegee nie. Ja, daar sou later aan die kruis vir hom wyn of asyn met bitter kruie aangebied word volgens Matteus 27. Dit sou saam met Sy lewe as die volmaakte paaslam en Sy liggaam as die brood die volmaakte pasga maaltyd wees volgens Eksodus 12. Maar in ons teksgedeelte vanoggend kies Jesus om Sy laaste maaltyd wat hy gaan eet, saam met Sy dissipels te eet. Hy kies om dit in vervulling van die Ou Testamentiese gebruik van die Pasga te doen. Hy spreek nuwe profesië uit oor die toekoms. Hy gee tekens en seëls wat vir deur die eeue simbole van Sy liefde en opofferings sou wees. Maar die belangrikste Hy nou vir ons om deel te hê aan hierdie maaltyd. Om saam een te word met Jesus Christus en ons broers en susters in die geloof regdeur die eeue. Kom gebruik die brood as teken van Christus se liggaam en kok drink die wyn as teken van Sy bloed. Kom word gevoed met hemelse spys en drank, totdat ons almal een dag in die koningkryk van God sal aansit aan die bruiloftafel van die Lam

Amen